# Persverklaring

Automechanika - vooraanstaande handelskou
vir die motorbedryf
Johannesburg Expo Centre, 9 - 12 Maart 2011

Medianavrae:

Roger Houghton : Mediabestuurder
Tel: 011 476 7400
Faks: 086 505 8957
e-pos: houghtonr@mwebbiz.co.za
Web: www.automechanikasa.co.za

## AUTOMECHANIKA-HANDELSNAAMBESTUURDER VOL VERTROUE

Die Automechanika-handelsnaambestuurder van Frankfurt Messe in Duitsland, Stephan Kurzawski, is baie opgewonde oor die vooruitsigte vir sy handelsnaam se vlagskip-voertuignaverkope-bedryfskou wat aanstaande jaar van 14 tot 19 September in Frankfurt gehou word.

Die entoesiastiese Kurzawski, wat onlangs op ’n sakebesoek aan Suid-Afrika was, het gesê sy verkopespan is in hul noppies met die reaksie van voornemende uitstallers ten spyte van die voortgesette ekonomiese druk waaronder die motorbedryf verkeer. “Die verkope van uitstalruimte geskied teen ’n soortgelyke pas as dié in die ooreenstemmende tydperk voor die uiters suksesvolle 2008-skou,” het hy bygevoeg.

Die Automechanika-onderneming het vroeër vanjaar ’n ooreenkoms met die Europese garagetoerusting-vereniging (EGEA) onderteken, wat daartoe gelei het dat dié bedryfsinstelling Automechanika-byeenkomste regoor die wêreld aktief bevorder.

EGEA is in 1980 gestig en bestaan uit 11 professionele nasionale verenigings wat die belange van nagenoeg 650 vervaardigers en invoerders van garagetoerusting verteenwoordig. Die samestellende verenigings is in België, Nederland, Noorweë, Frankryk, Duitsland, Switserland, Italië, die Verenigde Koninkryk, Ierland en Spanje geleë.

Messe Frankfurt, wat die tweejaarlikse Automechanika-bedryfskou sowel as Frankfurt IAA-motorskou om die beurt aanbied, is ook vol vertroue oor die toekomstige vooruitsigte en gaan voort met ’n uitbreidingsprogram vir die terrein ten spyte van die afname in verkope – veral in Europa. Twee groot bouprojekte, wat twee jaar geduur het, is betyds vir die 2009-Frankfurt-motorskou voltooi.

Automechanika South Africa, 9 - 12 Maart 2011

Dit was die nuwe Saal 11 en die Portalhaus, wat ’n heeltemal nuwe voorkoms aan die westelike deel van die uitgebreide Frankfurtse skouterrein gee. Die twee nuwe strukture, wat €170 miljoen gekos het, bied saam ’n bykomende 78 000$m^2$ se bruto vloerruimte op die terrein, terwyl die dramatiese voorkoms van die Portalhaus as nog ’n argitekturele juweeltjie op die Frankfurtse horison gesien kan word. Die jongste geboue is toevallig presies 100 jaar ná die oudste gebou op die perseel, die Festhalle, opgerig.

Die eerste intrekkers in die nuwe Saal 11 was die BMW-groep, wat die hele saal vir sy drie produkreekse, BMW, MINI en Rolls-Royce – die eerste keer saam onder dieselfde dak by die Frankfurtse motorskou – oorgeneem het.

Nog inligting is beskikbaar by:
Roger Houghton 011 476 7400 houghtonr@mwebbiz.co.za

Persverklaarings en fotos is elektronies beskikbaar by:
www.quickpic.co.za en www.automechanikasa.co.za